

23 November

Skrifgedeelte: Openbaring 2:8-29
Fokusgedeelte: NGB, Art 29

Die valse kerk

Toe 'n dominee in 'n preek oor hierdie gedeelte sê dat die troon van Satan baie naby, selfs reg langs die kerk kan wees (vers 13), moes hy tydens die volgende belydenisklas bontstaan om te verduidelik dat hy nie die pastorie bedoel het nie. Ja, Satan is inderdaad baie nader aan die kerk as wat ons besef. Hy het die kerk in sy visier. Hy sal nie rus tot hy IN die kerk as god vereer word nie (2 Tess 2:4). In hierdie strewe van Satan lê die oorsprong van die vals kerk. Ons Skrifgedeelte wys hoe vroeg in die kerkgeskiedenis Satan al met hierdie aanslag begin het. Dit wys ook sy strategie met die vals kerk. Hy bedreig die kerk van Christus van binne af deur gelykstelling en van buite af deur geweld.

Daarom kry die vroeë Christene met verskeie soorte gelykstelling te doen: Sommige lidmate beweer dat jou redding, behalwe vir die noodsaaklikheid van geloof, ook nog van gehoorsaamheid aan allerhande wette afhang (vers 9). Ander is oortuig dat Christene steeds voluit aan afgodsfeeste kan deelneem (vers 14-15). Nog ander dink geloof is net 'n saak van die hart, hulle kan met hulle liggame sonde doen soos hulle wil (vers 22-23). Die bedreiging van buite het kwaadstokery (vers 9), gevangenskap (vers 10) en selfs moord (vers 10, 13) ingesluit.

God beskerm egter sy kerk. Hy doen dit deur die valse kerk te straf (vers 23) en die ware kerk deur bekering en die krag van sy Woord op die regte pad te hou (vers 16). Werk met God saam! Onthou: Al het baie eeue verloop, Satan se strategie verander nie. Hy woon steeds LANGS die kerk en het sy oog op 'n plek BINNE die kerk.

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)